



Finansies Beleid: Interdepartementele transaksies

Tipe dokument:	Beleid
Doel van die beleid:	Die beleid bevat die reëls en regulasie van die US ten opsigte van die betaling van dienste of produkte gelewer tussen interne departemente via 'n interdepartementele rekwisie.
Goedgekeur deur:	US Raad
Goedkeuringsdatum:	5/4/2009
Implementeringsdatum:	2009
Datum van volgende Hersiening:	Soos nodig
Datum(s) van vorige Hersienings:	Geen
Beleideienaar¹:	Uitvoerende Bedryfshoof
Beleidkurator²:	Hoofdirekteur: Finansies
Sleutelwoorde:	Interdepartementele Rekwisie., Interdepartementele Transaksies.
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

¹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikhedsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

² Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

2.4 INTERDEPARTEMENTELE TRANSAKSIES

Bestek: Die beleid bevat reëls en regulasies van die US ten opsigte van die betaling vir dienste of produkte gelewer tussen interne departemente via 'n interdepartementele rekwisisie.

Beleid:

DOEL VAN 'N INTERDEPARTEMENTELE REKWISISIE

- Die funksie van 'n interdepartementele rekwisisie as sodanig is om fondsverskuiwing tussen twee verskillende OE's daar te stel.
- Hierdie fondsverskuiwing is ook slegs geregverdig wanneer vir goedere of dienste gelewer deur 'n interne departement/afdeling, betaal word deur 'n ander departement/afdeling wat die rekwisisie aanvra.
- Basies Dept. X lewer 'n diens aan Dept. Y waarvoor dmv 'n interdepartementele rekwisisie betaal word.

DIE PRAKTYK

Dit het egter aan die lig gekom dat hierdie funksie binne sekere omgewings wanbestuur word, deurdat dit aangewend word om fondsverskuiwings tussen verskillende kostepunte binne dieselfde OE te bewerkstellig, wat tot gevolg het:

- belastingontduiking,
- regstellings tussen rekeninge wat slegs dmv joernale aangebring moet word en/of
- oordragte tussen kostepunte wat slegs dmv oordragsjoernale mag geskied.

VOORKOMING

- Die interdepartementele rekwisisieprogram (EAS505P) is sodanig aangepas dat slegs die OE's wat werklik dienslewerings- funksies verrig, gelys is vir seleksie. (F1 op die Gerig aan veld) bv, US drukkerij, Studentegelde, IT ens.)
- Ook ander OE's wat nie tradisioneel as diens OE's geklassifiseer word nie, maar wat wel interne funksies verrig, is gelys, bv. Innovasie om die projekrus kursusse te akkommodeer.
- Slegs hierdie OE's word ook toegelaat om die herkanalisering van fondse uit te voer (EAS125P).
- Alle ander transaksies moet dmv 'n joernaaltransaksie deur die Fakulteitsrekenmeester by Finansiële Dienste afgehandel word.
- Indien u OE wel as dienslewerings-OE geïdentifiseer moet word en nie tans op die lys voorkom nie, kan u met 'n skriftelike motivering by u fakulteitsrekenmeester aansoek doen vir oorweging.

NUWE DIENSLEWERENDE OE's

Indien u wil aansoek doen om die huidige OE om te skakel na 'n dienslewerende OE, moet u beampte by Finansiële Dienste kontak.

Kontak afdeling:
Finansiële Dienste